

A.a. DAG 5: Die HERE se lied oor Sy wingerd (5:1-30)

Die HERE het jou as loot van Sy wingerd uitgekies om in Hom te bly en blywende vrug te dra.

As jy wilde vrugte dra: Wee jou, want jy gaan hoor: Daarom!

1. Die Here se lied oor Sy wingerd, deel 1 (5:1-4)

1.1. Edeldruiwe geplant, maar wilde druiwe gelewer

5 1 Ek wil oor my geliefde sing: my geliefde se lied oor sy wingerd. My geliefde het 'n wingerd gehad op 'n vrugbare heuwel. 2 Hy het dit bewerk, die klippe uitgehaal en edeldruiwe daar geplant. Hy het 'n toring gebou in die middel daarvan, en ook 'n giskuip daarin uitgekap. Hy het ver wag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe gelewer.

1.2. Besleg tog: Wat moet ek nog doen?

3 “Daarom” inwoners van Jerusalem en manne van Juda, besleg tog tussen My en my wingerd. 4 Wat moet nog aan my wingerd gedoen word wat Ek nie reeds daarin gedoen het nie? Waarom het Ek ver wag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe gelewer?

2. Die Here se lied oor Sy wingerd, deel 2 (5:5-7)

2.1. Daarom gaan Ek...

5 Daarom wil Ek aan julle bekend maak wat Ek aan my wingerd gaan doen: Ek gaan sy doringheining verwyder, sodat dit bewei word. Ek gaan sy gepakte klipmuur afbreek, sodat dit 'n vertrapte plek word. 6 Ek sal dit 'n verwoeste plek maak; dit sal nie gesnoei en nie geskoffel word nie. Doringstruik en onkruid sal opskiet, en aan die wolke sal Ek opdrag gee om nie 'n druppel daarop te laat reën nie.”

2.2. Die Here het hom in die wingerd verlustig en gewag...

7 Ja, die wingerd van die **HERE** Heerser oor alle magte, is die huis van Israel; en die manne van Juda is die plante waarin Hy Hom verlustig.

Hy het gewag op reg,
maar kyk, daar was regskenning,
op geregtigheid,
maar kyk, daar was hulpgeroep.

9 U het in Egipte 'n wingerdstok uitgetrek; U het nasies verdryf en hom geplant. (Ps 80:9)

16 Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrug te dra, vrug wat blywend is (Joh 15:16)

5 Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie. 6 As iemand nie in My bly nie, word hy soos 'n loot buite uitgegooi, en verdroog. Hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. (Joh 15:5-6)

2 Op daardie dag sal daar 'n pragtige wingerd wees “Sing daaroor! Ek, die Here, hou daaroor wag, gee dit telkens water. Sodat niks dit skade aandoen nie, hou Ek dag en nag daaroor wag. 4 Ek is nie meer woedend nie... (Jes 27:1-4)

15 1 “Ek is die egte druiwestok en my Vader is die landbouer. 2 Elke loot aan My wat nie vrug dra nie, sny Hy weg; maar elkeen wat vrug dra, snoei Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra. (Joh 15:1)

3. **Die wingerd hoor 6 keer: "Wee hulle" (5:8-23)**

3.1. **Wee hulle 1: Die wingerd soek meer en meer vir homself in plaas van om vrug te gee (5:8-10)**

8 **Wee hulle** wat huis by huis voeg, wat ploegland by ploegland voeg, totdat daar geen plek meer is nie, en julle alleen in die land woon.

9 Met my eie ore het ek die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, hoor sweer: "Baie huise sal 'n skrikbeeld word — die grotes en mooies is sonder inwoner. 10 'n Wingerd op grond wat in tien dae met twee beeste geploeg kan word, sal een bats lewer, en 'n gomert saad sal 'n efa lewer."

7 Daarom sal hulle nou in ballingskap gaan aan die voerpunt van die ballinge; die gefuif van dié wat rondluier, kom tot 'n einde. (Amos 6:7)

3.2. **Wee hulle 2: Die wingerd drink sy eie vrug en sien nie die werk van Sy Eienaar nie. (5:11-17)**

11 **Wee hulle** wat vroeg in die môre opstaan, naarstig soek na sterk drank, en wat teen skemeraand sloer, dat die wyn hulle kan warm maak. 12 Daar is lier en harp, tamboeryn en fluit, en wyn by hulle feesmaaltye.

Maar op dit wat die Here doen,

slaan hulle nie ag nie,
en die werk van sy hande
sien hulle nie raak nie.

H3519 Kabowd
Glory, heerlikheid,
eer. 36x in Jesaja.

3 'n Bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy besitter. Israel het egter nie kennis nie, my volk toon geen insig nie." (Jes 1:3)

3.3. **Daarom 1:**

13 **Daarom** gaan my volk in ballingskap vanweë 'n gebrek aan kennis; sy geëerdes word mense wat hongers is, en sy gepeupel raak uitgedor van die dors.

H3068, Yehovah (Verbondsgod)

H6635, Heerser

3.4. **Daarom 2:**

14 **Daarom** het die doderyk sy keel wyd oopgemaak, en sy mond oopgesper sonder perk. Die stad se luister rykes en gespuis, die lawaaimakers en uitbundiges in haar sal daarin afdaal. 15 Mense sal neergebui word, manne sal verneder word, hovaardiges sal hulle oë moet neerslaan.

16 Die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, is verhewe in sy regspraak; die **heilige God**

betoon Hom heilig deur geregtigheid.

17 Jong ramme sal wei asof dit hulle weiveld is; en die ruïnes van vetgevoerdes – vreemdes sal daar eet.

10 Dit sal gebeur op daardie dag wanneer Hy kom om deur sy heiliges verheerlik te word – ja, om deur alle gelowiges bewonder te word (II Tes 1:10)

H410, 'el, die Almagtige God

H6918, Heilige

3.5. **Wee hulle 3: Die wingerd soek druiwe buite seisoen (5:18-19)**

18 **Wee hulle** wat sondeskuld saamsleep met bande van bedrog, en sonde soos met die toue van 'n wa – 19 hulle wat sê: "Hy moet gou maak, sy werk moet vinnig gebeur, sodat ons dit kan sien; die plan van die **Heilige** van Israel moet ontvou, in vervulling gaan, sodat ons dit kan weet."

7 As julle in My bly, en my woorde in julle bly, vra dan wat julle wil, en dit sal met julle gebeur. (Joh 15:7)

3.6. Wee hulle 4: Die wingerd kan nie meer onderskei tussen goeie en slegte druiwe nie (5:20)

20 **Wee hulle** wat die slegte dinge goed noem, en die goeie dinge sleg, hulle wat die duisternis tot lig maak en die lig tot duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter.

3.7. Wee hulle 5: Die wingerd dink hy is die Wynstok (5:21)

21 **Wee hulle** wat wys is in hulle eie oë, en hulleself as verstandig beskou.

3.8. Wee hulle 6: Die wingerd, bedwelm van sy eie vrug, ontnem goeie vrug hul reg (5:22-23)

22 **Wee hulle** wat helde is by die drink van wyn, en wat bekwame manne is by die meng van sterk drank, 23 wat goddeloses regverdig verklaar vir 'n omkoopgeskenk, en regverdiges hulle reg ontnem.

4. Die wingerd hoor: "Daarom!" (5:24-30)

4.1. Daarom 3

24 **Daarom** soos wanneer strooi deur tonge van vuur verteer word, en droë gras in vlamme wegsink, so sal hulle wortel wees soos iets wat verrot, en hulle bloeisel sal as stof opstyg, **want** hulle het die wet van die **Here** Heerser oor alle magte, verwerp, en die woord van die **Heilige van Israel** het hulle geminag.

4.2. Daarom 4

25 **Daarom** het die toorn van die Here teen sy volk ontbrand. Hy het sy hand teen hulle uitgestrek en hulle geslaan. Die berge het gebewe, en hulle lyke was soos vullis in die strate. Ondanks dit alles het sy toorn nie bedaar nie, en bly sy hand steeds uitgestrek.

26 Hy hef 'n banier op vir 'n nasie wat van ver af kom, en fluit vir een aan die einde van die aarde. Kyk, **hierdie nasie** kom vinnig, haastig. 27 By hom is niemand uitgeput nie, en niemand struikel nie. Hy sluimer nie in en slaap nie; die skorte om sy heupe is nie losgemaak nie, en sy sandaalriempies nie losgeskeur nie. 28 Sy pyle is skerp gemaak, en al sy boë is gespan; die hoewe van sy perde is so hard soos vuurklip, en sy strydawiele kom aan soos 'n stormwind. 29 Sy brul is soos dié van 'n leeu. Hy brul soos jong leeus, hy grom en gryp prooi; hy sleep weg, en daar is niemand wat kan red nie. 30 Op daardie dag sal hy oor sy prooi grom soos 'n bulderende see. Iemand sal na die land staar, en kyk, daar is 'n beklemmende donkerte; die lig is verduister vanweë die wolke oor die land.

23 So sê die Here: " 'n Wyse moet hom nie op sy wysheid beroem nie, 'n magtige moet hom nie op sy krag beroem nie, en 'n ryke moet hom nie op sy rykdom beroem nie. 24 Slegs hierop moet die een wat wil roem, hom beroem: dat hy insig het en My ken, naamlik dat Ek die Here is wat troue liefde, reg en geregtigheid handhaaf op aarde; want daarin vind Ek vreugde." (Jer 9:23-24)

17 Die Here is immers julle God; Hy is die God van die gode en die Heer van die here; die groot, die magtige, die ontsagwekkende God wat onpartydig is en geen omkoopgeskenk aanvaar nie (Deut 10:17)

Gebeur by
Godsverskynings bv.
Eks 19:18 by Sinai,
I Kon 19:11 aan Elia

In 7:17 geïdentifiseer
as Assirië

Beskrywing van
Assirië se mag